Net vir seuns

Die Privaatskool Elnatan is trots op die seuns wat hier skoolgaan en die naam van die skool hoog hou deur hulle voorkoms en gedrag.

HARE

Hare moet te alle tye netjies vertoon. Kort om die ore, nie te lank in die nek nie. Geen "steps", gekleurde, gel, ystervarkstyl, wangbaarde, stoppelbaarde of vol baarde is aanvaarbaar nie.

Wanneer 'n seun inskryf as leerling by Elnatan, onderskryf hy daarmee die grondslag van die skool:

1. **Daar word van elke seun verwag om:**

* Die beginsels waarop die skool gevestig is te alle tye uit te leef en 'n voorbeeld te wees vir medeskoliere.
- Die beeld van die skool uit te dra en te bevorder.
- Bedagsaamheid te toon teenoor minderes.
- Respek te betoon aan meerderes en onderwysers.
- Eiendom van die skool en ander instansies te respekteer en op te pas.
- Opdrag i.v.m. akademie getrou uit te voer.
- Billike opdragte buite akademiese verband na die beste van sy vermoë, uit te voer.
- Skoolaktiwiteite by te woon ten volle geklee in sy skooldrag soos voorgeskryf.

2. **Die volgende skooldrag word deur die Direksie aan die seuns voorgeskryf:**

Somersdrag Graad 1 - 12

- Ligblou hemp met skoolwapen
- Grys broek: lank of kort
- Grys sokkies met blou strepe
- Swart rygskoene – verkieslik Bronx. Geen buckle
- Pette van Graad 8 – 12 verpligtend

Wintersdrag Graad 1 – 7

- Grys langbroek
- Hemp: lang/kortmou ligblou hemp met skoolwapen
- Swart rygskoene
- Navy trui
- Navy, warm baadjie met wapen
- Oranje serpe (opsioneel)

Wintersdrag Graad 8 – 12

- Grys langbroek
- Hemp: lang/kortmou ligblou hemp met skoolwapen
- Grys sokkies met blou strepe
- Swart rygskoene
- Navy trui
- Navy baadjie met wapen
- Das met wapen
- Oranje serpe (opsioneel)

3. Reëls om netheid by seuns te bevorder:

- Geen ander juweliersware as horlosies mag gedra word nie.
- Geen ander versiersels (oorringe/tongringe) of van watter aard mag gedra word nie.
- Hierdie reëls is nie daar gestel om jou as individu in te perk nie, maar eerder om die man in jou totaliteit te ontwikkel en te lei.

In Privaatskool Elnatan werk ons graag met ware manne ……. manne na God se hart.